Publication: Beeld
Title: Die keer gaan hy veel sterker wees
AVE: 111598.02
Page: 8
Publish Date: 07 November 2024
Author: Gert van der Westhuizen

'Donald het darem nou meer ervaring'

Gert van der Westhuizen

Donald Trump sal in sy tweede termyn waarskynlik 'n veel sterker president wees nadat 'n "rooi Republikeinse golf" in die presidentsverkiesing oor Amerika gespoel het, meen kenners.

Boonop sal hy anders as in 2016 dié keer baie meer tuis voel in die Withuis omdat hy weet wat 'n president moet doen en wat van hom verwag word, sê prof. Theo Venter, 'n politieke kenner verbonde aan die Universiteit van Johannesburg.

Trump het destyds bykans geen politieke ervaring gehad nie en sy eerste termyn is gekenmerk deur bekgevegte, onnodige relletjies en 'n buitelandse beleid wat skynbaar op die ingewing van die oomblik bepaal is.

Venter sê Trump dink ongelukkig steeds komplekse probleme het eenvoudige antwoorde, hoewel dit in veral die buitelandse politiek nie só werk nie. Buitelandse sake het 'n groot rol in die verkiesing gespeel en Trump "het wel die vermoë om dit wat hy wil hê, af te dwing", sê Venter.

"Daar is baie vrae oor wat nou gaan gebeur met Amerika se verhouding met Navo, asook die konflikte waarby Rusland en Israel betrokke is. Ek dink Israel is die blyste oor sy oorwinning, maar onsekerheid sal nog in Rusland, Oekraïne en China heers."

Dr. Ernst Roets, uitvoerende direkteur van die Afrikanerstigting, sê Trump het baie beloftes gemaak oor buitelandse beleid wat dalk nie so maklik gaan wees om na te kom nie.

"Dit sal wel uiters indrukwekkend wees as hy die oorloë in Gasa en Oekraïne kan beëindig."

Jaco Kleynhans, Solidariteit se hoof van internasionale skakeling, het uit Michigan gesê kiesers het baie gehou van wat Trump oor buitelandse beleid te sê gehad het.

"Hy is as die presidentskandidaat vir vrede gesien terwyl daar vrese was dat die status quo onder visepres. Kamala Harris sou voortduur. Amerikaners was baie gefrustreerd met die buitelandse beleid onder pres. Joe Biden."

Prof. André Duvenhage, 'n politieke ontleder verbonde aan die Noordwes-Universiteit, twyfel of Trump die vermoë het om oornag eiehandig 'n einde aan internasionale konflikte te maak.

Sy verhouding met pres. Wladimir Poetin van Rusland gee wel 'n ander dimensie aan die konflik in Oekraïne, maar sy onvoorspelbare persoonlikheid kan hom dalk kniehalter.

Wat binnelandse beleid betref, veral die ekonomie en optrede teen onwettige immigrante, is Trump se hand volgens Venter gesterk deur die Republikeine se oorheersing van die senaat.

Kleynhans stem saam.

Hy en Venter het egter ook gewys op die verdeeldheid in die Amerikaanse bevolking wat gedurende die verkiesing na vore gekom het.

Ryker mense wat tot die middelklas behoort, skaar hulle volgens Kleynhans by die Demokrate, terwyl Trump heelwat steun uit die laer middelklas kry.

Venter sê hoewel die uitslag aandui dat daar 'n "rooi Republikeinse golf oor Amerika gespoel het", is dit nader aan 50-50. Die Demokrate se steun kom hoofsaaklik uit die stede en dié van die Republikeine uit plattelandse en landelike gebiede.

"Trump sal moet besef dat een helfte van Amerika nie aan sy kant is nie. Dit sal baie interessant wees om te sien of en hoe hy na dié mense uitreik, want hy sal ook aan hulle aandag moet gee."

Ondersteuners van die nuutverkose pres. Donald Trump dans van vreugde by 'n partytjie van die Jong Republikeinse Klub van New York in Manhattan, New York, nadat hul kandidaat 'n beslissende oorwinning in vandeesweek se Amerikaanse presidentsverkiesing behaal het. Foto: REUTERS

KENNERS SÊ OOR TRUMP

Dié keer gaan hy veel sterker wees

Oorwinningskrete en 'n gejuig van ondersteuners het gister opgeklink toe die televisienetwerk Fox by die Palm Beach-konferensiesentrum in West Palm Beach, Florida, Trump as die wenner verklaar het. Foto: REUTERS

'n Reklamebord met die woorde "Veels geluk! Trump, maak Israel goed" het gister reeds in 'n straat in Tel Aviv, Israel, gepryk. Foto: AP

Tradisionele Russiese skilpoppe wat Trump en pres. Wladimir Poetin voorstel, wag gister op kopers in St. Petersburg in Rusland. Foto: AP

Full Page Image
www.marketiq.co.za | Tel: 011 884 7847 | enquiries@marketiq.co.za
The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.